DIE STREEKSKOERANT WAT VERSPREI WORD VANAF CITRUSDAL TOT BY PORT NOLLOTH

# Ons Kontrei

Ons mense se koerant sedert 1968

www.onskontrei.co.za

18 JULIE 2025 - JAARGANG 57-1685

R7.00 Inklusief

Telefoon: 027 213 2074

E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

ONS GEE OM

**DAMSTAND**

16 Julie 2025 - 96.28%

16 Julie 2024 - 97.54%

Reënval vir die week: 5.9mm

MBD Begrafnisdienste Vredendal

Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)

# Veldblomme verf die landskap



Kamieskroon se kerk staan met sy voete in die blomme.
Lees die volledige berig op bladsy 3.
Foto: Rensche Verwey.

## Lees binne:

Nuwe slimmeters bekendgestel bl 3

Nuwe sport in Vredendal bl 8

ONS GEE OM

**Weervoorspelling vir die week**

MBD Begrafnisdienste Vredendal

Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)

| Don.17/07 | Vry. 18/07 | Sat. 19/07 | Son. 20/07 |
|---|---|---|---|
| 5º/17º | 3º/20º | 4º/27º | 9º/21º |

| Ma.21/07 | Di. 22/07 | Wo. 23/07 | |
|---|---|---|---|
| 4º/17º | 5º/22º | 4º/23º | Inligting verkry vanaf AccuWeather 16 Julie 2025 |












# AKTUELE NUUS



Die perlemoen waarop beslag gelê is.

## Besit van perlemoen sonder permit

***Berig: Kaptein Schreuder***
***Foto: Verskaf***

**DORINGBAAI:** Doringbaai SAPD het op Donderdag, 10 Julie ongeveer 22:30 inligting ontvang van persone wat besig is om perlemoen uit te haal.
Inligting is opgevolg en drie verdagtes is by Diegat, by die strand vir die besit van 42 perlemoene gearresteer.
Hulle is aangekla vir die oortreding van die Wet op Mariene lewende hulpbronne. Die waarde van die perlemoen is ongeveer R2500. Die beskuldigdes het op Vrydag, 11 Julie te Vredendal Hof verskyn.

## Drie gearresteer vir bestuur onder die invloed

***Berig: Mariaan Smuts***

**CLANWILLIAM:** Clanwilliam SAPD, in samewerking met die provinsiale verkeersdepartement, was op Vrydagaand, 11 Julie besig met 'n voertuiginspeksiepunt in Hoofstraat van Clanwilliam. Drie persone is gearresteer vir bestuur onder die invloed van drank.
Om 21:23 het offisier Marais van die provinsiale verkeersdepartement 'n verdagte bruin motor opgemerk. Marais het die voertuig voorgekeer, waarna die bestuurder weggejaag het. Marais het die voertuig agterna gesit omdat die bestuurder roekeloos bestuur en 'n stopstraat geïgnoreer het.
Marais het die voertuig in Forsterstraat voorgekeer. Hy het 'n asemtoets op die bestuurder uitgevoer en die lesing het gewys dat die persoon onder die invloed van drank is. Die bestuurder is op die toneel gearresteer. Die bestuurder is woonagtig op 'n plaas buite Clanwilliam.
Offisier Cloete van die provinsiale verkeersdepartement het om 21:40 'n wit Toyota Corolla met 'n CF registrasienommer gestop vir inspeksie. Cloete het 'n sterk drankreuk by die bestuurder bespeur waarna 'n asemtoets gedoen is. Die bestuurder is op die toneel ingelig oor sy regte en gearresteer vir bestuur onder die invloed van drank. Die bestuurder is ook woonagtig in Clanwilliam.
Op dieselfde aand, om 21:45, het offisier Lategan van die provinsiale verkeersdepartement 'n Volkswagen City Golf gestop. Gedurende haar gesprek met die bestuurder het sy 'n sterk reuk van alkohol bespeur en sy het opgemerk dat die bestuurder se oë rooi was. Sy het toestemming van die bestuurder verkry om 'n asemtoets te doen. Die bestuurder is op die toneel gearresteer vir bestuur onder die invloed van drank.

## Inwoners moedeloos oor diefstal deur minderjariges

***Berig: Annemarie Munnik***

**KOEKENAAP:** Welkom Handelaars en Kafee loop gereeld deur onder diefstal. Die kwaaddoeners is egter nie volwassenes nie, maar kinders.
Die eienaar van die winkel vertel dat drie kinders op Sondagaand, 25 Mei ingebreek het. Alles is vasgevang op sekuriteitskameras. Hulle het die beeldmateriaal aan die SAPD gewys en 'n saak aanhangig gemaak. Teen die Dinsdag, 27 Mei het nog geen lid van die SAPD haar gekontak of die winkel besoek nie. Die kinders tussen die ouderdom van 15 en 16 het ongeveer R3000 se items gesteel. Die eienaars sê dan word hulle ook deur dieselfde groepie gekoggel, voor die winkel.
Later is daar weer probeer inbreek.
Vyf weke later, op Donderdag, 10 Julie, het die SAPD uiteindelik opgedaag. Die verdagtes het op Donderdag, 17 Julie in die hof in Lutzville verskyn.
Ander inwoners in Koekenaap loop ook gedurig deur onder diefstal wat deur jeugdiges gepleeg word. Vrugte en groente word ook van plase af gesteel en dan vermoedelik verkoop vir dwelmgeld. Wat die situasie verder bemoeilik is dat inwoners wat geraak word deur diefstal deur minderjariges voel dis nutteloos om 'n saak te maak, want justisie faal hulle. Die saak word uitgegooi en kinders word heel waarskynlik in 'n program gesit. Minderjariges weet dat hulle wegkom met diefstal, so dit word net weer later gedoen. 'n Bose kringloop wat later lei tot meer ernstige misdade.

matzikama

**MUNICIPALITY MATZIKAMA MUNISIPALITEIT**

**KENNISGEWING / NOTICE**

**VOORBEREIDING VAN DIE MUNISIPALE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGS RAAMWERK (MROR) & KAPITALE INVESTERINGSRAAMWERK (CEF) & LANGTERMYN FINANSIËLE BEPLANNING (LTFP)**

Kennis geskied hiermee van die Munisipaliteit se voorneme om 'n vyf-jaar Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (MROR) en voortspruitende Kapitale Investerings Raamwerk (CEF) en Langtermyn Finansiële Beplanning (LTFP) voor te berei ingevolge die Wet op Plaaslike Regering, 2000 (MSA, Wet 32 van 2000), die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (SPLUMA, Wet 16 van 2013), die Wes-Kaapse Wet op Grondgebruikbeplanning, 2014 (LUPA, Wet 3 van 2014) en Matzikama Munisipaliteit: Grondgebruikbeplanning (die Verordening soos per Provinsiale Koerant No 7494 van 18 September 2014). Die proses wat gevolg gaan word om die MROR voor te berei, sal ooreenkomstig Artikels 28(3) en 29 van die MSA wees.

Belanghebbendes & lede van die gemeenskap van Matzikama Munisipaliteit, word hiermee uitgenooi om kommentaar te lewer op hierdie konsep dokumente. Die dokumente is ter insae op die Munisipaliteit se webtuiste en harde kopië by die biblioteke in die onderskeie dorpe.

**Die volgende publieke vergadering in hierdie verband, word gehou:**

- **Lutzville Gemeenskapsaal:** Maandag, 11 Augustus 2025: 18:00–20:00
- **Vredendal Dam Straat / Sport saal:** Dinsdag, 12 Augustus 2025: 10:00–13:00

U gemotiveerde skriftelike insette moet per epos na **gis@matzikama.gov.za** of per pos aan die Munisipale Bestuurder vir (aandag Me Rossouw), gestuur of per hand afgelewer word teen **nie later nie as 16 September 2025**. (met die opskrif: *Kommentaar MSDF*).

**LIONEL PHILLIPS**
**MUNISIPALE BESTUURDER**
**Kennisgewing: K2 2025/2026**

**Munisipale kantore, Kerkstraat**
**Posbus 98, Vredendal, 8160**
**Tel: (027) 201 3495**

**PREPARATION OF THE MUNICIPAL SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK (MSDF) & CAPITAL EXPENDITURE FRAMEWORK (CEF) & LONG-TERM FINANCIAL PLANNING (LTFP)**

Notice is hereby given of the Municipality's intention to prepare a five-year Municipal Spatial Development Framework (MSDF), along with the resulting Capital Expenditure Framework (CEF) and Long-Term Financial Plan (LTFP), in terms of the Municipal Systems Act, 2000 (MSA, Act 32 of 2000), the Spatial Planning and Land Use Management Act, 2013 (SPLUMA, Act 16 of 2013), the Western Cape Land Use Planning Act, 2014 (LUPA, Act 3 of 2014), and the Matzikama Municipality: Land Use Planning By-law (as per Provincial Gazette No. 7494 of 18 September 2014). The process to be followed for the preparation of the MSDF will be in accordance with Sections 28(3) and 29 of the MSA.

Interested parties and members of the Matzikama Municipality community are hereby invited to comment on the draft documents. These documents are available for inspection on the Municipality's website and in hard copy at libraries in the respective towns.

**The following public meetings in this regard will be held:**

- **Lutzville Community Hall:** Monday, 11 August 2025: 8:00–20:00
- **Vredendal Dam Street / Sports Hall:** Tuesday, 12 August 2025: 10:00–13:00

Your motivated written submissions must be sent via email to **gis@matzikama.gov.za** or post to the Municipal Manager, (attention: Ms Rossouw) or deliver by hand, **no later than 16 September 2025** (with the subject line: *Comments MSDF*).

**LIONEL PHILLIPS**
**MUNICIPAL MANAGER**
**Notice no: K2 2025/2026**

**Municipal Offices, 37 Church Street**
**P.O.Box 98, Vredendal, 8160**
**Tel: (027) 201 3495**

www.ayandambanga.co.za 154275

**ADVERT (30 DAYS REGISTRATION START FROM 18 JULY 2025 ENDING 18 AUGUST 2025)**

**APPLICATION FOR AMENDMENT OF AN ENVIRONMENTAL AUTHORISATION IN TERMS OF PART 2 OF THE ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT ("EIA") REGULATIONS, 2014 (AS AMENDED) FOR THE PROPOSED DEVELOPMENT OF A MIXED-USE DEVELOPMENT AND ASSOCIATED INFRASTRUCTURE ON PORTION 386 OF FARM NO. 292, VREDENDAL.**
**DEA&DP REFERENCE NUMBER: 16/3/3/5/F3/17/3030/25**

Notice of a Public Participation Process (PPP) is hereby given in terms the Environmental Impact Assessment (EIA) Regulations (2014, as amended) made under Section 24 (5) and 44 of the National Environmental Management Act (NEMA), Act No. 107 of 1998 (as amended). This notice also serves to Inform the public that a Part 2Amendment Application process will be followed and that the draft reports and its Appendixes for the Application will be made available for public comment on our website: https://enviro-eap.co.za/public-participation/. When landing on the Public Participation Page on the website please scroll down until you locate the project title as indicated above (valid for full duration of 30 day commenting period). **TAKE NOTE THIS WILL ONLY BE AVAILABLE ON THE WEBSITE WHEN YOU AS A REGISTERED INTERESTED AND AFFECTED PARTY GET NOTIFICATION FROM ENVIRO-EAP THAT IT IS AVAILABLE.** Notice is given of the public participation process commenced by the Matzikama Municipality the change in the development layout by densifying Phase 7 from 265 to 445 single residential erven on the authorised development footprint.
**Location:** Access will be directly off Namakwa street.
**Listed Activities: The application process for amendment to the Environmental Authorization will follow a part 2 amendment process.**
**Exemption:** No application for any exemption is sought.
**Opportunity to participate:** Interested and Affected Parties are invited to register interest for the respective application within the process, or provide written comments to Enviro-EAP within 30 days of this notice (excluding public holidays). The project title, your full name, contact details, plus indication of any direct business, financial, personal or other interest you may have in this application must be provided and fully described. **Sections 11 and 18 of POPI Act, 2013 (Act No.14 of 2013):** The personal information and comments provided will be included in reports to be submitted to the Competent Authority to enable informed decision-making. Also, if you choose to register as an I&AP your personal information will be made available to an appellant in the case of an appeal, and an applicant/EAP/independent person for purposes of being informed and given access to an audit report. This information may be made available in terms of section 11(1)(c) and 11(1)(d) of the POPIA, without requiring consent.

**Contact:** Nicolaas Hanekom
Enviro-EAP, PO Box 205, Agulhas 7287
Tel/Cell: 076 963 6450
mail: admin@enviro-eap.co.za

Enviro-EAP
Environmental Consultants

## SAPD brokkies

***Berig: Kaptein Helfrich***

**LUTZVILLE:** 'n Agt-en-dertig-jarige man het op Maandag, 7 Julie in die hof verskyn op aanklagte van dronkbestuur, dwarsboming van die gereg, verset teen arrestasie en aanranding met die doel om ernstig te beseer. Hy is op Saterdag, 5 Julie om 03:10 in Magnetitestraat opgemerk toe hy heen en weer oor die straat ry. Die plaaslike SAPD het hom agternagesit waarop hy by die stopstraat uit sy voertuig gespring en die lede aangerand het.
Steeds in Lutzville. 'n Negentien-jarige man het op Vrydag, 4 Julie in die hof verskyn op aanklag van aanranding met die doel om ernstig te beseer. Dit volg nadat hy 'n 28-jarige winkeleienaar op Woensdagaand, 2 Julie met 'n klip gegooi het. Die verdagte wou kleingeld inruil vir note, waarop die eienaar geweier het. 'n Bakleiery het ontstaan en die eienaar het 'n kopwond opgedoen.

## Verlore en verlate eiendom

***Berig: Adjudant-offisier Louw***

**VREDENDAL:** Vredendal SAPD beskik tans oor die volgende eiendom wat verlore en/of verlate gevind en aan die SAPD oorhandig is. Indien die publiek dit herken as hul moontlike eiendom, of inligting het oor die herkoms daarvan, kontak adjudant-offisier Kolie Nel te Vredendal SAPD om reëlings te tref om dit af te haal.
Items: Een groen Schultz 500 W kontak boor, een geroeste elektriese motor (niewerkend), en een geroeste waterpypkoppelstuk.

# HOOF NUUS

## Goeie reën sorg vir kleurvolle blommeseisoen

***Berig: Annemarie Munnik***

**GARIES/VANRHYNSDORP:** Al die veld is vrolik onder Maskamberg en in die Garies-omgewing. Plate blomme het die afgelope paar dae hul koppe begin uitsteek.
Sonja Jordaan van Garies Toeriste Padstal sê dat sy die afgelope 40 jaar nog nooit so vroeg in die jaar blomme gesien het nie. Tans is Garies en die omgewing prentjiemooi en word by die dag net mooier. Jordaan sê sy het Garies nog nie so mooi gesien nie. Haar oupa het altyd gesê Mei is taai vir reën, maar vanjaar het dit sommer vroeg in Mei 40mm op een dag gereën en daarna sommer weer 30mm. Jordaan sê Garies-omgewing beleef 'n ongelooflike goeie reënseisoen. Gewoonlik staan die Dassiegansblomme enkelhoogte, en volgens Jordaan staan dit reeds onder haar knie. Hulle sien gewoonlik eers in Augustusmaand plate blomme, maar die dorpie is klaar een plaat van geel en oranje blomme. Selfs die grondpad na Hondeklipbaai is al 'n kaleidoskoop van kleur. Diegene wat bang is dat hulle die seisoen gaan mis, het nie nodig om bekommerd te wees nie. Jordaan sê sy dink dit gaan 'n lang blomseisoen wees.
Ancarene van der Westhuizen van Maskam Guest Farm noem hulle het sedert Januarie 156mm reën ontvang. Die eerste blomme het die 1ste Julie hul verskyning gemaak. Dit is nou wel nie die eerste keer wat die veld so vroeg vrolik is nie. Van der Westhuizen sê die voordeel is dat dit nie baie op 'n keer gereën het nie, maar wel kort-kort. Sy sê ook al die blomme is nog nie oop nie, baie daarvan gaan eers later die seisoen blom. Die gasteplaas se jaarlikse blommeseisoenroete open op Vrydag, 25 Julie. Tye is daagliks van 10:00 tot 15:00. Ingangsfooi is R30 per persoon.
Intussen kan blommekykers die N7 op 'n sonnige dag aanpak om die seisoen te beleef.



**Plate blomme op Maskam Guest Farm. Foto: Rensche Verwey.**

## Nuwe slimmeters word bekendgestel

***Berig: Mariaan Smuts***

**CEDERBERG:** Inwoners van Citrusdal het op Maandag, 7 Julie om 18:30 'n inligtingsessie in die Vicky Zimri saal bygewoon waar hul meer kon hoor oor die nuwe slimmeters vir elektrisiteit wat binnekort geïnstalleer moet word. Dieselfde inligtingsessie is op Donderdag, 10 Julie in die Kathy Johnson saal in Clanwilliam aangebied.
Die diensverskaffer, Harold Hayes van Landis+Gyr, het die gemeenskappe toegespreek oor die nuwe slimmeters.
Die gemeenskap is in kennis gestel dat alle bestaande meters met slimmeters vervang sal word, wat tweerigting-kommunikasie en beter diens moontlik sal maak. Die Landis+Gyr slimmeters sal monitoring en kraggehalte tot gevolg hê, wat verseker dat enige probleem spoedig geïdentifiseer en vinnig aangespreek kan word.
'n Volledige meter ouditprogram is in Junie begin met 'n opname van hoeveel huise se meters vervang moet word. Die installasieprogram tree einde Julie in werking, en sal tot Oktober duur. Die kontrakteur sal toegang tot die eiendom versoek om die nuwe slimmeter te installeer en die ou meter te verwyder. Huiseienaars sal vooraf in kennis gestel word van moontlike installasies via verskeie platforms. Alle installeerders sal duidelike identifikasiekaartjies dra en eienaars word versoek om seker te maak van hul identifikasie voor toegang tot die perseel verleen word.
Waar van toepassing, sal die lesing van ou meters aangeteken en aan die munisipale rekeningafdeling gestuur word. Enige oorblywende eenhede oorgedra word na die nuwe slimmeter. Tydens installasie sal die eiendom se elektrisiteitvoorsiening onderbreek word. Sodra die ou meter verwyder en die nuwe een geïnstalleer is, sal die elektrisiteitstoevoer herstel word. Oorblywende krediet op voorbetaalde meters sal oorgedra word na die nuwe meter. Alle bestaande koepons moet by die huidige voorbetaalde meter ingevoer word voor vervanging.
Die verandering van meters is geskeduleer vir middel Augustus. Hierdie gefasseerde benadering sal 'n gladde oorgang na nuwe slimmeters verseker.
Inwoners is verseker dat, indien hul bestaande krediet het, dit op die nuwe stelsel van toepassing sal wees. Indien daar met die bestaande meter gepeuter word, sal dit 'n boete van R12 000 tot gevolg hê. Die munisipaliteit het die belangrikheid beklemtoon om die meetstelsel te respekteer en enige probleme of bekommernisse aan te meld.
Die slimmeterprojek is deel van die munisipaliteit se poging om dienslewering en doeltreffendheid te verbeter. Bevondsing vir die nuwe meters is vanaf die Nasionale Tesourie ontvang. Die nuwe stelsel sal die munisipaliteit in staat stel om die kraggehalte te monitor en vinnig op probleme te reageer, wat betroubare elektrisiteitsvoorsiening aan inwoners verseker.
Die gemeenskapsdeelname vergadering het 'n waardevolle geleentheid gebied vir inwoners om met die munisipaliteit en die diensverskaffer te skakel en meer te leer oor die slimmeterprojek en die voordele wat dit inhou. Met die implementeringstydlyn vasgestel, kan inwoners uitsien na 'n meer doeltreffende en betroubare elektrisiteitsvoorsieningstelsel.



**Garies is bedek in 'n geel kombers. Foto: Rensche Verwey.**


VERKIESINGSKOMMISSIE
NOMINASIE VAN KANDIDATE - MATZIKAMA MUNISIPALITEIT
TUSSENVERKIESING WYK 7

'n Tussenverkiesing vir die kies van 'n wyksraadslid vir **Wyk 7** word geskeduleer vir **Woensdag, 20 Augustus 2025**.

Nominasies van kandidate sluit op **28 Julie 2025 teen 17:00 en moet ingehandig word by die OVK kantore in Vredendal: Octa Gebou, Waterkantstraat 02, Vredendal**.

Geregistreerde kiesers in **Wyk 7** kan hul stem by die volgende stemlokale vanaf **07:00 tot 21:00** op **Woensdag, 20 Augustus 2025** uitbring:

| Wyk | Stemdistrik | Naam van stemlokaal | Adres |
|---|---|---|---|
| 10101007 | 97770011 | Vanrhynsdorp Town Hall | 14 Church Str, Vanrhynsdorp |
| 10101007 | 97770022 | Vanrhynsdorp Community Hall | Oasis Str, Vanrhynsdorp |
| 10101007 | 97770033 | Vanrhynsdorp Masibambane Multipurpose Centre | Mandela Str, Maskamsig, Vanrhynsdorp |
| 10101007 | 97770044 | Vanrhynsdorp High School | Skoolstraat, Vanrhyndorp |
| 10101007 | 97850054 | Ouberg Watervalle | Urionskraal Rd, Ouberg Watervalle, Vanrhynsdorp |

**Let Wel:** U kan slegs in die stemdistrik stem waar u geregistreer is.

Aansoeke vir spesiale stemme vind plaas vanaf **04-08 Augustus 2025 om 17:00.**

Navrae kan gerig word aan:
**Shalmine Owies: 027 213 2327**

ENSURING FREE AND FAIR ELECTIONS








# BRIEWE & RUBRIEKE

## Dagboek 2025

**Stuur gerus 2025 se datums na info.onskontrei1@gmail.com**

**GARIES:**
**Garies se Damesoggend**
**Saam met Saffa Mamma**
**Saterdag, 19 Julie**
**Gideon Basson Saal**
**11:00**
**Kontak: Die kerkkantoor**
**027 652 1068**
**of WhatsApp**
**Drienie Visser 083 852 2060**

**VANRHYNSDORP:**
**Plaasbasaar**
**Saterdag, 26 Julie**
**9:00**
**NG Kerk Vanrhynsdorp**

**LUTZVILLE:**
**Lutzville Landbouskou**
**Donderdag, 31 Julie tot**
**Saterdag, 2 Augustus**
**Lutzville Skougronde**

**LUTZVILLE:**
**Lutzville Landbouskou**
**Vroueoggend**
**Saterdag, 2 Augustus**
**09:30 vir 10:00**
**R150 per persoon**
**Lutzville Skougronde**

**Ons Kontrei** proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za Contact the Press Council on 011 484 3612.

Press Council FAIR

**Ons Kontrei**
Ons mense se koerant

**UITGEWERS:**
**Riaan Oberholzer**
**Marinda Oberholzer**

**REDAKSIE:**
**Annemarie Munnik 082 657 3182**
edit.onskontrei1@gmail.com
**Mariaan Smuts 082 926 9934**
(Cederberg) maaitjie@isales.co.za

**GRAFIESE ONTWERPER:**
**Marieta Swanepoel**
info.onskontrei1@gmail.com

**BEMARKING:**
**Annemarie Munnik 082 657 3182**
ads2.onskontrei@gmail.com
Matzikama-area
**Mariaan Smuts 082 926 9934**
maaitjie@isales.co.za
Cederberg-area

**VREDENDAL KANTOOR:**
**Desiree van Wyk** 027 213 2074
Acc.onskontrei@gmail.com

**Gedruk deur: Inc. Print Solutions**

## God openbaar Homself, wie Hom erken en na Hom luister, sal beloon word

Psalm 19 is 'n digterlike uitdrukking van God se openbaring van Homself in die Natuur, oftewel die algemene openbaring, en die Skriftuur, die besondere openbaring. In die natuur sien ons God se almag raak en erken ons sy heerlikheid in die skepping. Die ganse uitspansel, hemel en aarde, dag en nag, groot en klein, stuur 'n boodskap oor die hele wêreld uit wat God verheerlik sonder woorde en sonder klank. En elke oggend as die son opkom en alles op aarde met sy helder strale verlig, dan kan die mens nie anders nie as om God te dien en te loof as die Skepper van hemel en aarde!

Deur die Skriftuur leer ons wat ware wysheid en kennis en insig is. Die Woord van God lei die mens se lewe in God se rigting en daarom loop so 'n lewe uit op blydskap, regverdigheid en geestelike rykdom.

Die ware rykdom van die Woord is om die Lewende Woord te leer ken, dit is Jesus Christus ons Here!

En net soos die son die aarde elke dag verlig, so bring Jesus Christus die ware Lig in ons lewe, en deur sy Woord en Gees bevestig Hy dat ons *in en deur Hom*, met God die Vader 'n diep en innige verhouding kan hê. 'n Verhouding waarin ons ons eie swakheid en sondigheid kan erken en bely, bid om vergifnis en vryspraak, en dan ook met die heerlike troos van ons saligheid en redding te kan leef en sterf!

Saam met die digter van Psalm 19 moet ons bely: *Soeter as heuning en kosbaarder as goud* is die heerlike beloning van die mens wat God se almag en heerlikheid in die skepping erken en wat Jesus Christus as die Lewende Woord van God in gehoorsaamheid met geloof omhels!

***Psalm 19:1- 5 (Afrikaanse Vertaling 1953)*** *Vir die musiekleier. 'n Psalm van David. Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande. Die een dag stort vir die ander 'n boodskap uit, en die een nag kondig vir die ander kennis aan: daar is geen spraak en daar is geen woorde nie onhoorbaar is hulle stem. Hulle meetsnoer gaan uit oor die hele aarde, en hulle woorde tot by die einde van die wêreld. Vir die son het hy daarin 'n tent gemaak;*

***Dominee OJ Struwig***

## Briewe & Meningsblad

**Persone wie se opinie op die Briewe & Meningsblad geplaas word, gee hul subjektiewe siening van 'n situasie. Ons Kontrei se bestuur en personeel stem NIE noodwendig saam met 'n skrywer se mening NIE. Geen rassisme, naamskending of enige vorm van belediging sal geduld word nie.**

**Stuur gerus u menings na:**
**redakteur.onskontrei1@gmail.com**
**en verskaf asb u naam en kontaknommer onder aan, naamlose briewe sal nie oorweeg word nie.**
**Weens gebrek aan spasie sal GEEN briewe met meer as *250* woorde aanvaar word nie of geredigeer word.**

## VLV neem uitstappie na kwekery

***Berig en foto: Verskaf***

**VANRHYNSDORP:** 'n Vrolike groepie VLV dames het op 'n koue Donderdagoggend, 19 Junie, Vanrhynsdorp besoek. Die portefeulje Landbou en Tuinbou, onder leiding van Dalene Hein, het dit goed gedink om die vetplantkwekery te gaan besoek. Kokerboom Kwekery ontvang die dames gul en gou is almal voorsien van ietsie warm om te drink.

Die spreker by die geleentheid was Angelo Vispi. Na 21 jaar in die polisiediens besluit hy om die mag te verlaat. Hy koop 'n hengelwinkel en kort voor lank is daar 'n groot aanvraag na erdwurms vir die vang van vis. Hy het klein begin, maar dit het vinnig in 'n groeiende besigheid ontluik.

Hy en sy gesin verhuis omtrent 18 maande gelede na die streek. Aangesien hier nie baie damme vir visvang is nie, doen hy navorsing oor die alternatiewe gebruike van die erdwurms. So kom hy af op erdwurmtee, wat 'n reuse verskil aan jou plante se groei maak. Vispi maak twee soorte erdwurmtee, naamlik "Infuse" en "Compact". Hy ontwerp ook sy eie erdwurmplase met leë plastiekdromme waarmee hy die "Compact" maak. Vispi bied ook hierdie erdwurmplase te koop aan.

Naas sy liefde vir erdwurms spits Vispi hom ook toe op die navorsing van "Dragon fruit" (Draakvrugte). Dit is 'n plant wat lid is van die kaktusfamilie en is afkomstig van Taiwan. Daar is 36 verskillende soorte, waarvan hy vier het. Hy beskryf die plant- en groeiproses sowel as die bestuiwing van die plante. As die plant reg hanteer word, kan dit binne twee jaar vrugte dra. 'n Heerlike vrug wat 'n ontploffing in jou mond veroorsaak.

November is die blom maand. Dit blom slegs vir een aand en word bestuif deur motte en ander nag insekte. Roes kan wel voorkom by die plante, maar dit kan behandel word. Hierdie vrugte is laag in kalorieë, het 'n hoë veselinhoud, bevat baie vitamienes en het 'n hoë antioksidant inhoud.

Tydens hierdie geleentheid word die verjaarsdagdames, Marda Albertyn, Sarlene Coetzee en Reinette Thiart, ook gelukgewens.

Na 'n interessante praatjie met soveel waardevolle inligting en groot deelname deur die dames word die oggend se verrigtinge afgesluit met iets warms om te drink en iets te ete.

Vredendal VLV is trots op elke sameroeper wat soveel moeite doen om elke vergadering spesiaal te maak. Daarom is dit vir hulle lekker om enige belangstellendes te nooi om die lede vergaderings by te woon. Daar is altyd iets spesiaal en hulle ontvang u graag. Vir verdere navrae, kontak gerus die voorsitter, Elmarie Fouché by 082 799 5929.



**Angelo Vispi en Dalene Hein by die Kokerboom Kwekery.**

## 'n Avontuur vir die hele gesin

***Berig: Mariaan Smuts***

**ELANDSBAAI:** Die Elandsbaaigrot is geleë in die heuwels bokant die Elandsbaaihawe aan die Weskus, ongeveer 5 km vanaf die sentrum van die dorp. Die terrein is bekend vir sy argeologiese belangrikheid en goed bewaarde San- en Khoirotskuns.

Die grot is die eerste keer gedurende die Middel-Steentydperk beset met bewyse wat daarop dui dat menslike teenwoordigheid meer as 80 000 jaar terug dateer. Dit is met tussenposes gedurende die Laat-Steentydperk gebruik, met die mees onlangse besetting waarskynlik 500 jaar gelede. Die terrein bied waardevolle insigte van vroeë menslike lewe in die streek, insluitend dieet, gereedskap en kulturele praktyke.

Een van die grot se belangrikste kenmerke is die rotskuns. Die skilderye sluit uitbeeldings in van diere soos die eland, 'n antiloopspesie wat spirituele belang vir die San gehad het, sowel as ander kleiner antelope en diere. Van die mees noemenswaardige kenmerke is etlike klein handafdrukke waarvan sommige vermoedelik aan kinders en adolessente behoort. Die merke weerspieël die betrokkenheid van verskillende ouderdomsgroepe by die gemeenskap se simboliese of rituele aktiwiteite.

Die Elandsbaaigrot word al vir dekades deur argeoloë bestudeer. Vondste sluit klipwerktuie, skulpvis oorblyfsels en ander bewyse in van hoe die mensdom destyds die omliggende omgewing gebruik het. Die nabyheid aan die kus het die inwoners toegang tot beide mariene- en landgebaseerde voedselbronne gegee.

Die terrein kan gratis deur die publiek besoek word. Besoekers word versoek om op gemerkte paaie te bly en aanraking met die rotskuns te vermy, aangesien kontak daarmee permanente skade kan veroorsaak. Die Elandsbaaigrot bly 'n belangrike erfenisterrein en een van die mees toeganklike voorbeelde van vroeë menslike nedersettings en menslike uitdrukkings in Suider-Afrika.

"Innovation often comes from looking outside your own industry." Duncan Wadle


Super Savings
Super WINS!
Competition valid from 23 Jun - 7 Oct 2025
That's why we SHOP at SPAR
VALID UNTIL 20 JULY 2025 AT SELECTED STORES IN THE WESTERN CAPE
Kellogg's Corn Flakes 500 g
39.99 each
Save R10 WITH Rewards CARD
Joko Tagless Teabags 100s
49.99 each
Save R10 WITH Rewards CARD
SaveMor White Sugar 2 kg
39.99 each
Save R8 WITH Rewards CARD
SPAR Corned Meat 300 g
25.99 each
Save R7 WITH Rewards CARD
SPAR Petals Pads & Liners
22.99 per pack
Save R7 WITH Rewards CARD
COMBO DEAL
SPAR Super Maize Meal 1 kg, SPAR Cake Wheat Flour 1 kg, SPAR White Sugar 1 kg, Eezee Macaroni 500 g, SaveMor Baked Beans 410 g & Lucky Star Pilchards 400 g
BUY ALL FOR 100.00
Save R24 WITH Rewards CARD
COMBO DEAL
SPAR Bacon 500g & SPAR Eggs 18s
BUY BOTH FOR 89.99 per combo
Save R23 WITH Rewards CARD
Baker's choice
16.99 each
Blue Ribbon White Toaster Bread 700 g
Fresh choice
29.99 each
SPAR freshline Bananas Value Pack 1.5 kg
9.99 each
SPAR freshline Mini Plum Tomatoes 200 g
freshline
BUY 3 FOR 25.00
Avocado
Butcher's best
89.99 per kg
Marinated Deboned Chicken Thigh Kebabs
139.99 per kg
Your Butcher by SPAR Bulk Beef Tenderized Steak
149.99 each
SPAR Tender & Tasty Pork Loin Ribs Sweet & Sticky or BBQ 1 kg
Rainbow Whole Chicken in Bag
44.99 per kg
tops! WHERE GREAT STORIES START
139.99 each WITH Rewards CARD
Bacardi Breezer 6 x 440 ml
39.99 each WITH Rewards CARD
1659 Natural Sweet Rose, Red Blend, Sweet Red or Sauvignon Blanc Wine Range 750 ml
179.99 each WITH Rewards CARD
Harrier Whisky 750 ml
169.99 each WITH Rewards CARD
Old Buck Dry Gin 750 ml
Specials available at all TOPS at SPAR stores from 16 July up to and including 20 July 2025, while stocks last. We reserve the right to limit quantities. Price and product availability may vary by region. Prices include VAT.
#NO 18 aware.org www.aware.org.za Not For Persons Under The Age Of 18.
Specials available from 16 July up to and including 20 July 2025 at all SPAR & SUPERSPAR stores in the Western Cape incl. Kakamas, Springbok, Port Nolloth, Kalahari Mall, Victoria West, River City, Carnavon & Brays (Keimos), Selected KWIKSPAR stores, excluding SPAR Express and SaveMor stores. Excludes store in George, Knysna & Plettenberg Bay. Selected products may not be available at all stores. While stocks last. Prices include VAT. No traders. E & OE. No wine or pork is sold in Halaal stores. Competition ends 22 June 2025. T's and C's apply. See in-store for more.
SPAR Rewards More for You
SIGN UP FOR MORE! MORE SAVINGS. MORE WINS. MORE FOR YOU.
Maximum 5 SPAR Rewards deals per product, per customer on all SAVE EXTRA products. While stocks last. Ts & Cs apply.
SPAR

# INDEKS Geklassifiseerd * Betrekkings * Bedankings * Kennisgewings


1. GELUKWENSING
2. STERFGEVALLE
3. IN MEMORIAM
4. BEDANKINGS
5. LENINGS
6. DIENSTE
7. DAGSORG
8. EETGOED
9. BETREKKING GESOEK
10. VERLORE / VERMIS
11. ALGEMEEN
12. BOTE / DUIK-TOERUSTING
13. LEWENDEHAWE
14. TROETELDIERE
15. GESOEK / BENODIG
16. MEUBELS
17. MUSIEK-INSTRUMENTE
18. RADIO / TV / VIDEO
19. TUINBOUDIENSTE
20. JUWELIERSWARE
21. BESIGHEIDS-GELEENTHEID
22. SPORTTOERUS-TING
23. VAKANSIE AKKOMMODASIE
24. REKENAARS
25. KANTOOR-TOERUSTING
26. BOUMATERIAAL
27. BOUWERK / VERF
28. VERVOER
29. AKKOMMODASIE
30. TE HUUR
31. SEKURITEIT / WAPENS
32. FIETSE
33. MASJINERIE/ IMPLEMENTE
34. ONDERDELE / ENJINS
35. MOTORHERSTEL-WERK
36. SLEEPWAENS
37. MOTORFIETSE
38. WOONWAENS
39. VOERTUIE
40. EIENDOM
41. BETREKKINGS
42. BLINDINGS
43. ELEKTRIESE - WARE
44. GRASSNYERS
45. TE KOOP
46. TE RUIL



KOPIEREG

Geen berig, foto, artikel of advertensie wat in die **ONS KONTREI** verskyn het mag sonder verlof van die Redakteur gereproduseer word nie, ingevolge Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg van 1978.

**ONS KONTREI** se redaksie deel nie noodwendig die menings van lesers, adverteerders of korrespondente nie.



Uitgegee deur Protea Drukkery, Sentraalstraat 8, Vredendal 8160.

Uitgewer:
Riaan Oberholzer,
Posbus 140
Vredendal, 8160
Tel (027) 213 2074
Faks (027) 213 2075



ke, skole,
ubs en
, stuur jul
datums na
i1@gmail.com
s al julle
ke datums
ender kan
nas.



**29 AKKOMMODASIE**

**DURBANVILLE: Veilige akkommodasie.** Selfsorgwoonstel ten volle toegerus. 1Km vanaf Durbanville Medi Clinic. Netjies, swembad & braaipatio, DSTV, Wi-Fi. Billikste pryse gewaarborg. Skakel Mev van Niekerk by 083 648 5858 of WhatsApp 065 528 6305.

Pasella Ads

PASELLA ADS
IS GRATIS
Geen handelaars mag hier adverteer.
Slegs 10 woorde per advertensie word toegelaat.

**OPSOEK NA:** 'n Bachelors woonstel vir 'n dame van ±R3500 per maand in Vredendal, 074 501 5470.

Vir die druk en ontwerp van boeke kontak ons gerus.
PROTEA DRUKKERY
Sentraalstraat 8, Vredendal
Tel: 027 213 2074
of stuur u inligting na
info.onskontrei1.co.za

ODD JOBS
TEL. & FAKS: 027 213 2968
Sel: 082 690 0984
Ons doen:
♦ Bouwerk - Steen & pleister
♦ Afdakke - hout & staal
♦ Bou van heinings (Vibracrete & Staal)
♦ Algemene loodgieter werk
♦ Teël van vloere & mure
♦ Installeer en herstel van plafonne, dakke en kosyne
♦ Herstel en lê van plaveisel

AANLYN-KALENDER 2025
Ons dateer die aanlyn kalender weekliks op.
Alle kerke, skole, sportklubs en instansies, stuur jul belangrike datums na
info.onskontrei1@gmail.com
sodat ons al julle belangrike datums op die kalender kan plaas.
Besoek ons aanlyn kalender by
www.onskontrei.co.za


# Ma van duisende oorlede

*Berig: Mariaan Smuts*
*Foto: Verskaf*

**CLANWILLIAM:** Johanna Petronelle Swarts, beter bekend as **Joanie (foto regs)**, is op 23 Mei 1953 te Clanwilliam gebore. Sy het in Clanwilliam skoolgegaan, waarna sy op verskeie ander dorpe gewerk het. 'n Skoolmaat, Gerty Evans, het vir haar werk by die destydse Handelshuis op die dorp gekry waar sy self 'n paar maande gewerk het. Swarts het in 1984 by die winkel diens aanvaar. Sy het aangedring dat sy as juffrou Joanie aangespreek word. Sy was ook bekend as die ma van duisende.

Die besigheid se naam het later verander na Clanwilliam Spar. Swarts het die groot brand van Spar in 2006 beleef. Sy was deel van die span van 42 plaaslike werkers by die winkel.

In 2007 het die nuwe Clanwilliam Superspar se deure geopen. In 2013 ontvang sy en Evans hul 30 jaar dienssertifikate, en tien jaar later, in 2023 ontvang hulle beide hul 40 jaar dienssertifikate. Swarts het altyd gesê: "My werk is 'n leefwyse." Sy was net meer as 40 jaar werksaam by Spar. In 2023 vier sy haar sewentigste verjaardag. Haar jarelange vriende met self baie lang diensjare: Stienie, Adri en Poppie, asook van die personeel het haar verjaardag by Spar se Bean Tree-koffiewinkel gevier.

Nadat Swarts 'n ligte beroerte gehad het, besluit sy om aan die begin van Mei, kort voor haar 72ste verjaardag, na 40 aktiewe diensjare af te tree. Na haar beroerte trek sy na 'n familielid wat na haar omgesien het. Op Donderdag, 3 Julie het sy benoud en baie moeg begin voel. Sy is met die ambulans hospitaal toe geneem vir behandeling. Sy het vinnig agteruit gegaan. Op Vrydag, 4 Julie het vriende haar besoek, maar sy kon nie met hulle praat nie.

Sy is op Dinsdagoggend, 8 Julie om 05:00 in die hospitaal oorlede.

Haar vriende getuig dat sy mense soos 'n by na haar toe aangetrek het as gevolg van haar persoonlikheid. Hulle sê sy het altyd 'n oop hand vir almal in nood gehad. Verder sê hulle: "Sy het gesterf soos wat sy geleef het."

"Joanie was 'n lieflike mens en het altyd gedeel of gegee wat sy het. Sy het 'n goeie hart gehad," sê Adri.Joanie laat 'n broer na.

Haar troosdiens vind plaas op Donderdag, 17 Julie om 19:30 in die VG Kerk Clanwilliam. Die begrafnis sal op Saterdag, 19 Julie om 10:00 vanuit dieselfde kerk plaasvind.

Die hele personeel van Clanwilliam Super Spar sê hul het 'n ware staatmaker verloor en dat hulle haar teenwoordigheid in die winkel baie gaan mis.




MBD Begrafnisdienste Vredendal
ONS GEE OM
Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)


**Begrafniskennisgewings**

**BAARD**
**BERTIE**
**15/12/1935 - 08/07/2025**
Gedenkdiens: Saterdag 19 Julie 2025 om 10:00 in die NG Kerk Vredendal.
Privaat Verassing.

**BEUKES**
**KLAAS**
**25/03/1949 - 05/07/2025**
Begrafnisdiens vind plaas op Saterdag 19 Julie 2025 vanuit die huis te Sonneblomstraat 17A, Maskamsig om 09:00. Kerkdiens in die V.G.Kerk, Vanrhynsdorp om 10:00.
Teraardebestelling Vanrhynsdorp Begraafplaas.

**FILANDER**
**SARA**
**02/08/1975 - 07/07/2025**
Begrafnisdiens vind plaas op Sondag 20 Julie 2025 vanuit die huis te Dwarsdeur Plaas, Vredendal om 10:00
Teraardebestelling Vredendal-Suid Begraafplaas.

**GELDENHUYS**
**WILLEM STEENKAMP**
**04/11/1941 - 09/07/2025**
Gedenkdiens: Sondag 20 Julie 2025 om 11:00 in die Kapel van Vredendal Tehuis vir Bejaardes.
Privaat Verassing.

**KLAASE**
**THERESA**
**02/07/1957 - 12/07/2025**
Begrafnisdiens vind plaas op Saterdag 19 Julie 2025 vanuit die huis te Vercuilstraat 3, Doringbaai om 09:00. Kerkdiens in Die Hawe Saal, Doringbaai om 10:00.
Teraardebestelling Doringbaai Begraafplaas

**NEL**
**AVIA**
**25/11/2018 - 11/07/2025**
Haar lewe word gevier op Brandkop Gasteplaas, Nieuwoudtville op Saterdag 19 Julie 2025 om 11:00
Privaat Teraardebestelling: Sondag 20 Julie 2025 op die Plaas Swartlaagte Loeriesfontein.

**Ds. MULLER OOSTHUIZEN**
**08/07/1960 - 02/07/2025**
Gedenkdiens: Vrydag 18 Julie 2025 om 10:00 in die NG Kerk Williston.
Privaat Verassing.

**OWIES**
**KATY**
**03/12/1954 - 08/07/2025**
Begrafnisdiens vind plaas op Saterdag 19 Julie 2025 vanuit die huis te Proteastraat 20, Uitkyk, Lutzville om 09:00. Kerkdiens in die NG Kerk, Lutzville om 10:00.
Teraardebestelling, Kleinplasie Begraafplaas.

**STEENKAMP**
**LISBE**
**14/07/1973 - 12/07/2025**
Privaat Gedenkdiens.
Privaat Verassing.

**THERON**
**MARGARETHA ELIZABETH (POTTIE)**
**12/01/1931 - 09/07/2025**
Gedenkdiens: Saterdag 19 Julie 2025 om 10:00 in Amandelhof Williston.
Privaat Verassing.

**VAN WYK**
**JAMES FREDERIK**
**03/02/1969 - 08/07/2025**
Gedenkdiens: Saterdag 19 Julie 2025 om 11:00 in die PPK Kerk, Klawer.
Privaat Verassing.

# Opwindende werkswinkel vir leerders

*Berig: Mariaan Smuts*

**CITRUSDAL:** Pomario se graad 4-9 leerders het op Maandag, 23 en Dinsdag, 24 Junie aan 'n opwindende redenaarswerkswinkel deelgeneem wat deur Michelle Louw aangebied is.

Louw het met haar treffende "bou-'n-burger" analogie die leerders geleer hoe om 'n oortuigende redenaarsrede op te stel en sommer almal lusgemaak daarvoor.

Leerders is in spanne van vier verdeel en het mekaar die stryd aangesê in 'n klassieke Rooispan teen Witspan-debat. Onderwerpe het gewissel van "Moet Wiskunde verpligtend wees?" tot "Moet vakansies langer wees?"

Elke span het die Maandag met die hulp van hul eie entoesiastiese Rooi- en Witspan onderwysers hul eie toespraak geskryf.

Dinsdag was dit debattyd waartydens die beoordelaars behoorlik moes kopkrap om te besluit wie die mees oortuigende span was.

Pomario is trots op die vaardighede, selfvertroue en samewerking wat die leerders tydens die werkswinkel getoon het.

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 (1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of

**DEED OF TRANSFER NUMBER T35962/2007**

passed by **DIE LUTZVILLE KOöPERATIEWE HANDELSVERENIGING BEPERK**

in favour of **CLASSIC GOLD TRADING CC**
**Registration Number: 2005/154589/23**

In respect of certain

1. **ERF 15 LUTZVILLE, IN THE MUNICIPALITY MATZIKAMA, DIVISION VANRHYNSDORP, WESTERN CAPE PROVINCE.**

and

2. **ERF 135 LUTZVILLE, IN THE MUNICIPALITY MATZIKAMA, DIVISION VANRHYNSDORP, WESTERN CAPE PROVINCE.**

which has been lost or destroyed

All interested persons having objection of the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing and/or telephonically with the Registrar of Deeds Western Cape at CAPE TOWN, Floor 4, Information desk, 2 Riebeek Street, Cape Town within two weeks from the date of publication of this notice.

Dated at **VREDENDAL** on **18 June 2025**

**SWANEPOEL AND SWANEPOEL INC**
**3 Dorpstreet, Vredendal, 8160**
**aktes@swanepoelprok.co.za**
**027 213 1011**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 (1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of

**DEED OF TRANSFER NUMBER T11711/2018**

passed by **ELIAS LINGEKILE MQINGQI**
and **NCINELENI MARGARE MQINGQI**

in favour of **GUSTAV LUTZ**
**Identity Number: 670727 5165 086**
**Married out of community of property**

In respect of certain **ERF 3258 VREDENDAL, IN THE MUNICIPALITY MATZIKAMA, DIVISION VANRHYNSDORP, WESTERN CAPE PROVINCE.**

which has been lost or destroyed

All interested persons having objection of the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing and/or telephonically with the Registrar of Deeds at CAPE TOWN, Floor 4, Information desk, 2 Riebeek Street, Cape Town within two weeks from the date of publication of this notice.

Dated at **VREDENDAL** on **27 June 2025**

**SWANEPOEL AND SWANEPOEL INC**
**3 Dorpstreet, Vredendal, 8160**
**aktes@swanepoelprok.co.za**
**027 213 1011**

# Huishoudelike voedseltuin-projek pak voedsel-onsekerheid aan

***Berig: Verskaf***

**LOERIESFONTEIN:** Om voedselonsekerheid aan te spreek en selfonderhoud te bevorder, het die Loeriesfontein-gemeenskap 'n Huishoudelike Voedseltuin-loodsprojek van stapel gestuur. Hierdie transformerende gemeenskapsgebaseerde inisiatief, befonds deur Loeriesfontein en Khobab-windkragaanlegte, rus 27 plaaslike inwoners toe met die nodige vaardighede en hulpbronne om hul eie voedsame kos te kweek terwyl hulle waardevolle landbou-entrepreneurskapsopleiding ontvang.

Die program is ontwerp om die groeiende uitdaging van voedsel toegang in Loeriesfontein aan te spreek, waar vars produkte duur is en afhanklikheid van eksterne bronne groot is. Deur inwoners aan te moedig om hul eie agterplaastuine te kweek, help hierdie loodsprojek om langtermyn-voedselsekerheid binne die gemeenskap te bou.

"Ons het die behoefte erken om verder as tradisionele voedselbystand te gaan en eerder 'n langdurige oplossing te bied wat onafhanklikheid, vaardigheidsontwikkeling en verbeterde toegang tot voedsel bevorder. Deur die ontwikkeling van praktiese, oordraagbare vaardighede hoop die projek om 'n sterker en meer selfstandige gemeenskap te bevorder wat tuisgemaakte oplossings omhels," het Vanessa Fredericks, Ekonomiese Ontwikkelingsbestuurder vir Loeriesfontein en Khobab-windkragaanlegte, gesê.

Die inisiatief, wat in September 2024 van stapel gestuur is, het afgeskop met 'n twee weke lange opleidingsprogram. Deelnemers het beide teoretiese en praktiese opleiding in landbou-entrepreneurskap ontvang, wat noodsaaklike onderwerpe soos grondvoorbereiding, tuinbeplanning, organiese kunsmisproduksie, plaagbeheer en volhoubare planttegnieke dek. Die program het ook klem gelê op mentorskap en gemeenskapsgedrewe produksie om te verseker dat deelnemers dít wat hulle geleer het, in werklike omgewings kan toepas.

Elk van die 27 deelnemers is op 'n eerstekom-eerste-dien-basis gekies, na 'n oorweldigende reaksie van gemeenskapslede. Benewens opleiding, is begunstigdes toegerus met tuinbougereedskap, materiale en voorrade om hulle te help om hul tuine suksesvol te begin en in stand te hou.

"Die program het betekenisvolle geleenthede geskep vir ons inwoners met 'n passie vir tuinmaak om ons kennis te verdiep en die voordele van die kweek van ons eie kos te geniet. Met volgehoue ondersteuning en opleiding kan hierdie inisiatief groei tot voordeel van die groter gemeenskap, wat meer mense bemagtig om hul grond effektief te gebruik en 'n betroubare bron van inkomste te bou," het Hildon Philander, 'n programbegunstigde, gesê.

**"Teach a community to grow its own vegetables, and you plant the seeds of health, self-reliance, and unity for generations to come."**


TRONOX

Tronox brightens people's lives. We are a diverse global workforce that is committed to safe and sustainable business practices that bring value to our shareholders, customers, and business partners. Tronox mines and processes titanium ore, zircon and other minerals, and manufactures titanium dioxide pigments that add brightness and durability to paints, plastics, paper, and other everyday products. We offer an attractive compensation and benefits package that includes competitive salary and incentives, and invest in our greatest assets by creating opportunities for growth and development in a diverse and supportive work environment.

## Security Lead

**Business Unit & Section:** Namakwa Sands
**Primary Location:** SME/MSP/BSB (Smelter/Seperation Plant Mine Site)
**Area:** SHEQ

**Position Summary:** Oversees the team of security staff and contributes to the planning, assessment and development of activities to increase security awareness and enhance management of security risks and compliance across the operation.

**Qualification & Experience**
• Bachelor's Degree in a relevant discipline. • Driver's license.

**Job Responsibilities**
• Ensures prevention of intentional or inadvertent access, modification, disclosure or destruction onto the premises. • Designs and implements procedure and control necessary to protect access to physical protection of property and company assets. • Liaises with local authorities to ensure ongoing communication of regulatory changes and security compliance issues. • Oversees advanced audits, inspections, risk assessments and incident investigations to increase security awareness. • Manages, oversees and coordinates audits and implementation of management systems and procedures. • Oversees the ongoing quantitative and qualitative risk/impact assessments as part of a continuous improvement focus. • Oversees investigations into incidents/incidents and the identification of root causes for corrective/preventive actions. • Contributes to the development of security emergency response plans to ensure the effective handling of any emergencies.

**Job related Skills, Knowledge and Competencies**
**Service Excellence**
• Knowledge of customer service concepts and techniques; ability to meet or exceed customer needs and expectations and provide excellent service in a direct or indirect manner. • Teaches others how to deliver excellent customer service in a variety of settings. • Resolves complex customer complaints or problems. • Applies the concept of 'Moments of Truth' to customer service.
• Anticipates customers' needs and satisfies them pro actively. • Recovers from a service failure in a way that enhances customer's esteem of the organization. • Participates in developing a variety of effective ways to deal with difficult customers.

**Security Management**
**Knowledge of information, personnel and premises security processes and procedures and ability to develop and maintain appropriate security levels.**
• Manages security enforcement for large or multiple facilities. • Establishes and updates patrol routes and schedules. • Instructs security guards on facility-specific monitoring and control procedures. • Implements access control procedures; monitors access violations. • Liaises and coordinates investigations with local law enforcement agencies. • Reviews security levels and controls for various areas; recommends changes.

**Personnel Security**
**Knowledge of, and ability to implement, the measures necessary to safeguard an organization's employees and visitors.**
• Works with most major types of personnel security practices, tools, and technologies. • Instructs security guards on organization-specific personnel identification and security procedures.
• Assesses the character, personal and professional integrity of employee and contractor candidates. • Monitors and reports on compliance with established personnel security procedures.
• Investigates cases of theft or personal harm perpetrated by employees or contractors. • Conducts employee security awareness and responsibility training.

**Premises Security**
**Knowledge of and ability to employ required tools, techniques and technologies to minimize losses due to breaches of physical premises security.**
• Works with all major types of premises security practices, tools, and technologies. • Proposes and implements reasonable and appropriate security measures. • Implements specific initiatives and practices that enlist employees in loss prevention efforts. • Conducts investigations of internal thefts and vandalism. • Engages legal counsel in response to litigation claims. • Tests and evaluates various types of exterior and interior security devices and systems.

**Plant Security**
**Knowledge of tools and techniques for preventing and addressing theft of assets, theft of information, vandalism, sabotage and other threats to a manufacturing facility.**
• Has experience with all major types of security practices, tools and technologies. • Knows what type of information is needed before detaining a visitor or employee. • Knows and has used specific initiatives and practices to enlist employees in security efforts. • Conducts investigations of internal thefts, vandalism or sabotage. • Participates in detention and arrest of thieves, vandals or saboteurs. • Compares and contrasts alternative tools and technologies for loss prevention.

**External Supplier and Contract Management**
**Ability to effectively manage the utilization of external services (e.g. vendors, service providers, con-tractors, consultants, outsourced functions).**
• Works with other functions to coordinate emergency preparedness and planning. • Collaborates with public first responders to ensure emergency response plans are well executed. • Conducts partial and full tests of the emergency response plans. • Leads site-specific hazard assessments and prepares associated response procedures. • Evaluates incidents and associated responses; makes recommendations for improvement. • Participates in planning simulated emergency scenarios and determining appropriate responses.

**Emergency Management**
**Knowledge of and ability to use tools and techniques to prepare for, mitigate, respond to and recover from an emergency.**
• Cites extensive experience in planning for and dealing with different types of emergencies. • Plans for, simulates and tests plant-wide emergencies, facility evacuation and shut-down procedures. • Describes emergency communication network and equipment and role of a communications center. • Participates in vulnerability assessments or worksite analyses. • Describes procedures for accounting for personnel after emergency evacuation. • Negotiates agreements for stand-by or back-up production facilities; coordinates during emergency.

**General-Personal Effectiveness**
**Understanding of effective communication concepts, tools and techniques. Ability to effectively transmit, receive, and accurately interpret ideas, information, and needs through the application of appropriate communication behaviors.**
• Communicates well downward, upward, and outward. • Employs appropriate methods of persuasion when soliciting agreement. • Plans and targets the structure and content of written documents and presentations to ensure they support effective and efficient communication with the intended audience. • Develops and delivers complex reports and presentations which convey key information and messages with a high degree of clarity and impact. • Reviews others' written documents and / or presentations and provides feedback and coaching. • Demonstrates both empathy and assertiveness when communicating a need or defending a position.

**Interpersonal Effectiveness**
**Knowledge of interpersonal techniques and ability to work effectively with a varied individuals and groups in a constructive and collaborative manner to positively influence processes and decisions within and outside own immediate work group.**
• Establishes and maintains productive working relationships with a wide range of individuals and teams across Tronox and externally, where appropriate. • Earns trust and respect, building positive networks and identifies and addresses potential problems or issues within the team or between the team and others. • Develops effective presentations of cost, benefits, risks, and other considerations to influence key individuals both inside and outside own group. • Coordinates roles, responsibilities and interdependencies of all team members. • Shows respect for differences and diversity and seeks out what's common in varying perspectives and conflicting points of view. • Achieves influencing impact even when holding a position contrary to the majority.

**Managing People**
**Knowledge of people development processes and ability to utilise these in the recruitment, training, coaching and empowering of team members to maximise individual and team performance.**
• Assembles teams with complementary skills and promotes the expectation that they will share knowledge and experience, coach and learn from one another. • Champions staff development and ensures all staff in their area of responsibility have development plans and regular development discussions in line with organisations process and timetable. • Ensures that developmental resources (e.g., assignments, self-development tools, coaching & mentoring, training) and time are available to all staff in line with their individual development plans. • Mentors employees to promote their learning and development, transferring accumulated knowledge and expertise. • Identifies mission-critical competency areas needed to meet business unit or functional goals and takes active steps to review capability and address competency gaps. • Identifies high potential individuals and provides them with targeted opportunities for growth.

**Managing Resources**
**Knowledge of resource management tools and techniques; ability to integrate activities and plan, mobilize and distribute resources to fulfill business objectives and plans.**
• Specifies the critical resources required to accomplish the team's objectives and initiates requests for required resources. • Communicates expectations and objectives regarding resource utilisation provides on-going feedback to team on usages and costs and addresses emerging issues. • Allocates team resources responsibly and equitably and coordinates activities to enhance efficiency and effectiveness of resource utilisation. • Demonstrates understanding of resource requirements and utilisation factors and assumptions used to calculate activity planning baseline for their area; monitors usages and takes timely action to address variances. • Identifies opportunities to improve resource utilization and proposes or implements improvement actions as appropriate.

**Managing Safety**
**Knowledge of the factors that support and drive strong Health & Safety culture and performance; ability and desire to maintain and continuously improve SHE awareness and practice and inspire the same in others.**
• Maintains personal visibility in monitoring day to day safety practices in the workplace. • Actively coaches to develop other's understanding and ensure consistent application of Tronox safety management systems. • Communicates Safety messages in a simple and direct manner, using multiple communication methods to get those messages across to everyone in their area of responsibility. • Monitors and ensures compliance with legal, regulatory, procedural and ethical requirements in area of responsibility. • Develops and/or implements effective reporting systems to enable safety, technical integrity and fitness for work concerns to be raised and actioned. • Ensures that other business drivers and goals do not override Safety requirements.

**Risk Management**
• Implements function-wide risk management processes and tools. • Relates risk assessment models and analysis tools and processes to own business. • Measures key benefits and drawbacks of the Enterprise Risk Management Framework (ERM) as implemented in their area of the business. • Establishes key business-specific risk management benchmarks. • Designs cross-functional risk management processes, tools, and audit mechanisms. • Debates the pros and cons of various risk management models.

Applicants to be completed on Tronox Website https://tronox.applicantstack.com/x/apply/a22jku1fju03/aa0, to reach us on or before 25 July 2024 . Kindly contact the line Sipho Mkhwananzi on sipho.mkhwanazi@tronox.com should additional information be required.

**NOTE:**
- Appointments will be made in accordance with the Tronox Employment Equity Policy.
- Pre-screening evaluation and Psychometric testing will from part of the selection process.
- Successful applicants will be required to undergo a medical assessment.
- Applicants received without the supporting documents will not be considered.

Should you not hear from Tronox within four (4) weeks of the closing date of the advert, please consider your application as being unsuccessful.

**Veldskoendraai parkrun/walk**
5km stap of draf
Saterdae
om **8:00**
Veldskoendraai Padstal en Restaurant
**Registreer by**
**www.parkrun.co.za/veldskoendraai**

**Ons Kontrei**
Tel: 027 213 2074 Ons mense se koerant
**SPORT NUUS**
18 JULIE 2025

**Adverteer dit werk!**
**Skakel ons kantoor vir meer inligting, 027 213 2074**

# Familie vriendelike sport nou in Vredendal

*Berig: Annemarie Munnik*
*Foto: Verskaf*

**VREDENDAL:** Padel Vredendal, 'n aktiwiteit vir die hele gesin, het op Saterdag, 12 Julie amptelik in Voorsorgstraat geopen. Dit is sentraal geleë en maklik om te vind, skuins oorkant Maskam Mall, die helder blou bane maak dit onmoontlik om mis te kyk.
Padel is 'n raketsport wat elemente van tennis en muurbal kombineer, tipies gespeel in dubbelspel op 'n toe baan met mure. Padel is die nuwe sport, familie vriendelik, wat as 'n gesin saam beoefen kan word.
Adri en Herman Nel, die stigters van Padel Vredendal, het die kostes vir die oprigting van die twee bane gedra. Die nuutgesigde klub glo in gemeenskapsontwikkeling en om soveel as moontlik geleenthede te skep vir Vredendal. Die naaste bane is in Wellington, Worcester en dan die Kaap.
Die bane is gebou volgens padel internasionaal se standaard en kwaliteit en volgens internasionale grote. Dit kan kleiner gebou word, maar die baan in Vredendal is die grootte van die bane wat gebruik word tydens internasionale kampioenskappe.
'n Persoon het geen professionele opleiding nodig nie, as jy die bal kan raakslaan, is jy welkom. Die kostes is R400 per baan. Eie toerusting is welkom, maar dit kan ook by die klubhuis gehuur word. Rakette is beskikbaar teen R50 per persoon en balle kan gekoop word teen R150 vir drie balle. Daar is iemand by die klubhuis wat deur Bigbox opgerig is om die reëls en die spel verduidelik.
Padel Vredendal maak gebruik van die Playtomic toepassing. Belangstellendes bespreek 'n baantyd deur die toep, en dus is geen lidgelde nodig nie. Bane is beskikbaar vanaf 05:00 tot 21:00.
Die plaaslike skole het reeds die klub genader, so in die toekoms sal daar moontlik liga-wedstryde gespeel word.
Padel Vredendal se visie is dat hulle Vredendal 'n plek wil maak vir die Wes-Kaap wat nie net "nog 'n dorpie is nie," maar 'n plek wat persone sal inspireer om te besoek en betrokke te raak in die gemeenskap. Vir meer inligting besoek gerus die Facebookblad, Padel Vredendal.



**Spelers tydens die opening Saterdag, 12 Julie.**

# Kaapjag bied eerste nagskiet aan

*Berig en foto: Verskaf*

**VREDENDAL:** Kaapjag Namakwatak het op Vrydagaand, 11 Julie hul eerste nagskiet aangebied by die Pietie Hamman skietbaan.
Sewentien skuts het die koue luggie trotseer. Jaco Gagiano, klubvoorsitter, sê dit was egter nie so maklik soos dit gedurende die dag gelyk het nie. Die skuts het egter steeds hul staal gewys.
Daar was drie bane met drie teikens elk en die skuts moes elke teiken twee keer skiet. Afstande was relatief naby, maar die donker het dit baie vreemd laat voel.
André de Beer het 'n prag voltal geskiet en is as wenner aangewys. Hannes Helberg was tweede, Marius Coetsee derde.
Braham van Zyl het vir die skuts plankie steak gebraai, wat met roosterbrood bedien is. Die vuur was 'n groot aantrekking soos almal van die koue probeer weg kom het.
Kaapjag Namakwa-tak bedank almal wat teenwoordig was. Die volgende nagskiet beloof om baie interessant te wees.



**Evan Lategan, André de Beer, Hannes Helberg, Marius Coetsee en Jaco Gagiano (klubvoorsitter).**

# Belowende bokser eindig derde

*Berig en foto: Verskaf*

**VREDENDAL: Anthony Rooi (foto regs),** belowende bokser van Vredendal het vanaf 1 tot 5 Julie die Wes-Kaap by die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe in Pretoria verteenwoordig.
Hy boks uitstekend in die uitdungevegte, maar verloor sy geveg in die semi-finaal. Sodoende verdien hy 'n bronsmedalje.
Sy afrigter, Albie van Zyl sê wat teleurstellend van sy geveg was, is dat Rooi sy teenstander platgeslaan het, met 'n pragtige reguit regterhou van die agtervoet, sy teenstander staan op die telling van vyf op. Van Zyl voel dat die skeidsregter geen poging aangewend het om die opponent die verpligte telling te laat aanhoor.
Rooi se goeie sportmangees wys dan ook dat hy teleurstellings oorkom wat oor sy pad kom. "Ek wil graag almal in Matzikama bedank vir julle ondersteuning. Ons sal terug wees," aldus Rooi.




# Duiwe vlieg vanaf Britstown

*Berig: Verskaf*

**CEDERBERG/MATZIKAMA:** Die vliegduiwe het op Saterdag, 12 Julie vanaf Britstown gevlieg. Die hokke is om 07:30 in gunstige weerstoestande oopgemaak.
Dit was 'n Jaaroud Wedvlug, asook die jaarlikse Jongduif Derby Wedvlug. Die duiwe het weereens vir groot opgewondenheid en uitstekende resultate gesorg.
Die klubuitslae is as volg: Clanwilliam- Spammer 1ste, Anton Brand 2de, 3de en 4de.
Graafwater- Jaco Mouton 1ste, 2de en 3de.
Klawer- Pietie Geldenhuys 1ste en 2de
Vredendal- Strauss hokke 1ste gevolg deur Valentine en Mostert hokke.
Lutzville- Baard hokke 1ste gevolg deur J&S Agenbach in 2de en 3de plek.
Die Derby Wedvlug is deur Valentine hokke van Vredendal gewen, wat ook 2de plek ingepalm het, gevolg deur Jaco Mouton in 3de, 4de en 5de posisies.
Valentine hokke en Johan Huisamen het die afgelope naweek se pryse gewen.
Eerskomendende naweek se vlug is vanaf Strydenburg wat ook die jaarlikse Jongduif Veilingwedvlug insluit.

**Stuur sportklub nuus na edit.onskontrei1@gmail.com**